# INGRYPENDE GENADE VAN GOD!

GENADE ONBESKRYFLIK GROOT het God ons Vader aan ons bewys op Maandag 18 Mei 2015!

Ek is deur plaaslike neuroloë verwys na Baragwanath Hospitaal in Johannesburg, waar senuwee-geleidingstoetse op my gedoen moes word. My neef, Rooie (soos almal hom ken), het my daarheen geneem. Toe ons hier vertrek, het hy die GPS ingestel om met snaakse ompaaie te ry, sodat ons verkeer sou vermy en vinniger by die Hospitaal sou aankom. Ons het 08:00 daar gearriveer en baie ver van die ingang parkering gekry. Ek is in 'n rolstoel vervoer, en die terrein was baie rof en stamperig. Ek het hom jammer gekry omdat hy my in die rolstoel moes stoot en het hom kort-kort gevra om stil te staan. Dan het ek probeer om self te loop met die rolstoel as my stut voor my - soos 'n loopraam.

By die Hospitaal was alles maar baie deurmekaar. Na etlike ure het ek 'n lêer in my hande gehad en moes soek na die afdeling waar ek vir die toetse moes aanmeld. Hierdie toetse is toe eers laatmiddag gedoen. Dit was vir ons 'n baie vermoeiende dag.

Ek het gesien dat alles nie pluis was met Rooie nie en het hom telkens gevra wat fout is. Elke keer het hy gesê dat hy moeg is en dat hy baie warm kry.

(As ons tog maar net geweet het! Ons was juis by 'n hospitaal waar daar professionele mense is wat moontlik 'n diagnose kon maak waarom hy so ontsettend moeg was.)

Rooie het gesukkel met hoë bloeddruk. Ons was albei baie moeg van 'n uitputtende dag en ek was in erge pyn. Ons wou net by my motor kom. Ek het na 'n portier gestap en gevra om tog maar vir Rooie met die "hulp-karretjie" na die motor te neem terwyl ek daar sou wag.

Uiteindelik het hy gekom en by my stilgehou. Rooie was te moeg om uit te klim en my te help om my rolstoel in die motor te sit. Ek moes dit toe self vinnig doen, want ons was haastig om te ry. Ek besef nou dat ek híér alreeds nie meer "self gedoen" het nie, maar dat ons Hemelse Vader reeds aan die werk was.

Ons het so om en by 15:30 by die terrein uitgery en ek merk toe dat Rooie nie weer die GPS instel nie, maar wel die Snelweg van Johannesburg na Parys neem. (Hier begin God se genadewerk.)

Ons kom by die Grassmere Plaza, betaal die tolgeld en ry verder. Rooie vra koue water en drink. Ek vra of alles reg is en hy sê weer hy is baie moeg en kry warm.

Ons het nie ver gery nie toe hoor ek hy haal snaaks asem. Dadelik besef ek hier is iets ernstigs verkeerd. Rooie se asemhaling klink of hy snork en hy hyg na asem. Ek sit die noodligte aan en voel my linkerhand is op die stuur. Rooie se hande het van die stuur afgeval. Eers die een en toe die ander een. Toe lê hy terug op sy sitplek. My oë is voor my op die pad. Ek praat met hom en smeek hom dat hy nie so vinnig moet ry nie. Oor en oor roep ek en vra: "Haal tog net jou voet van die petrolpedaal af!" Maar hy reageer nie.

Ek kon nie in sy rigting kyk nie, want ons snel voort teen 'n baie hoë spoed, swaai uit vir verkeer voor ons, en peil dan weer op 'n voertuig af... Ek swaai weer en weer uit!

Nou roep ek na Jesus - ek pleit: "Asseblief tog, Here, help ons!" My linkerhand klou die stuurwiel vas (wat onder God se beheer is). My oë bly op die pad vasgenael. My sitplekgordel is nog vas en my regterhand is onder Rooie vasgepen, aangesien hy na my kant toe oorgeval het. Ek was heeltemal vasgekeer onder sy gewig. Ek huil en roep weer: "Liewe Jesus, asseblief tog, help! Ek kan nie meer nie!" Ons jaag teen 'n verbysterende snelheid en pyl reguit op 'n vragmotor af... Ek swaai uit... terug in linkerbaan. So gaan dit vir kilometers!

Skielik voel ek my regtertarm is los. Ek gryp Rooie aan sy broekspyp en na die derde pluk kom sy voet van die pedaal af. Die motor se spoed verminder en ons kom tot stilstand - aan die linkerkant van die pad, binne die geel streep - so 50 kilometer duskant Parys. Die grootste besef tref my: Ek kon niks hiervan self gedoen het nie! Ek was magteloos en té gedaan. Dit was JESUS! Hy was in beheer! Net Hy kon ons deur al hierdie verkeer neem en tot stilstand bring sonder 'n groot ongeluk.

Ek huil. Ek snik en strek my arms omhoog en dank God ons Vader vir Sy groot genade!

Skielik voel ek dat my sitplekgordel los is... Self kon ek dit nie losmaak nie, want Rooie het oor my gelê. Ook dít het Jesus gedoen! Ek pluk my deur oop en hardloop blindelings die snelweg in, my hande in die lug en roep: "Kom help asseblief!"

'n Wit bakkie hou by my stil en 'n man kom na my toe aangestap. Hy het die gesig van 'n engel gehad en sy hare was glansend silwerblink. Sy stem was sag en gerusstellend toe hy vir my vra: "Tannie, wat is verkeerd?" Ek vra toe vir hom om asb. tog net te gaan kyk want my neef sit agter die stuurwiel van die motor en ek dink hy is bewusteloos.

Na 'n hele rukkie kom hy terug-gestap na my en gesê: "Tannie, ek is so jammer, die oom is nie bewusteloos nie, hy is weg."

God Self het hierdie man - sy



*Annetjie Nienaber*

naam is Mark - na my gestuur. Mark het alles wat nodig was, gedoen. Hy het die paramedici, die polisie, my kinders, en ook Rooie se broer en suster gekontak. Die paramedici het Rooie ondersoek en vir my kom sê dat hy 'n massiewe hart- of beroerteaanval gehad het.

Ek was stomverslae, want hy het nooit oor pyn gekla nie. Hy het net hoë bloeddruk gehad waarvoor hy gereeld medikasie geneem het.

Ek het skielik begin ruk en bewe van die skok, en vir Mark gesê dat ek nie kan glo wat alles gebeur het nie. Hy antwoord: "Tannie is by my ook verby en ek het gesien dat daar groot fout moes wees. Ek het toe 160 km/h gery om net by Tannie-hulle te kon bybly."

Ek besef nou dat ek gespaar is om hierdie getuienis wêreldwyd te kan vertel. Ek moet nou vorentoe kyk - sonder selfverwyt omdat Rooie my in die rolstoel rondgestoot het, want ons tyd is nie God se tyd nie en ons wil is nie God se wil nie.
Onse Vader, U genade is so onbeskryflik groot! Nog nooit het ek so klein, so nederig, so diep dankbaar en begenadig gevoel nie. DANKIE JESUS!
*- Annetjie Nienaber, Vierfontein, 018 441 0285 of 076 594 8627.*